

1 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 13:1-23

Fokusgedeelte: DL, 3/4:10

As mense hulle bekeer is dit net aan God te danke!

Die gelykenis van die saaiër leer ons dat as mense hulle nie bekeer nie is dit hulle eie skuld. Kan ons daaruit aflei dat as mense hulle wel bekeer dit ook deur hulle eie toedoen is? Nee, beslis nie. As mense hulle wel bekeer is dit net aan God te danke!

Jesus self het gesê (vers 11, 15-16): “Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie ... Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer, en Ek hulle gesond maak nie. Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien, en julle ore dat hulle hoor.”

Die mens wil homself dus nie bekeer nie, behalwe wanneer die Heilige Gees in hom begin werk. Dié wat tot bekering kom, kom dus nie deur hulle “vrye wil” tot bekering nie. Nee, ons bely: “Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering.”

As mense hulle dus nie bekeer nie is dit hulle eie skuld, maar as mense hulle wel bekeer is dit God se genade! Elkeen wat gehoor gegee het aan die roeping van God wat tot hulle gekom het deur die Woordverkondiging en hulle bekeer het, het dus geen rede “om in hulleself nie”, maar alle rede om “in die Here” te roem. Dit doen ons deur God elke dag daarvoor te loof en te prys en te dank dat Hy ons uitverkies het, ons die Woord laat hoor en glo het en ons in Christus verlos het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~